Laurika straal helder

Foto's Sally Shorkend

Laurika Rauch vier een en twintig jaar in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf. Maar haar fees is anders as 'n mondig-wording, skryf Mariëtte Crafford

STAAN LAURIKA RAUCH op die verhoog in die kollig, verluister 'n mens jou aan haar. Maar in die sagte herfslig in haar voortuin, verkyk jy jou aan haar.

Die dramatiese, sterk gesig wat die verhoogligte met skadu's onder haar hoë wangbene uithol, is mooi. Mooier en fyner as wat foto's of televisie dit weergee. Haar vel is glad en bloesend. Haar oë en haar hare blink en haar lag is helder.

Ons het tien jaar gelede in haar koejawelhuis op een van Northcliff in Johannesburg se koppe laas gekuier. Intussen het ek dikwels in haar gehoor gesit, gevoel hoedat die hoendervleis uitslaan wanneer sy sing - of dit nou in 'n snikhete saal op Oudtshoorn of 'n nat aand in Pretoria was. Nou is ek by haar omdat sy haar "eerste een en twintig jaar in die bedryf" vier - soos die publisiteitsmateriaal dit stel.

'n Mondigwording is gewoonlik 'n groot partytjie. In 'n kerksaal of 'n klub. Met 'n koek en 'n sleutel en kameraflitse, dalk 'n foto in die koerant onder "Persoonlik". Stemreg.

Maar met Laurika is dit anders. Haar hele loopbaan as kunstenaar is 'n fees, 'n verheerliking van haar kunstenaarskap. Haar debuut, *Kinders van die Wind*, was 'n treffer en die jolyt hou al een en twintig jaar lank aan. Haar stem was nie net reg vir die jare sewentig se tydgees nie. Dis vandag nog net so buitengewoon, dis haar loopersleutel wat haar toegang verleen tot treffersparades en mense se harte. Haar gesig is op plakkate in Suid-Afrika en in Europa. Sy is die onbetwiste Afrikaanse vrouesanger van wêreldgehalte, maar sy is nie 'n ster wat net skyn as die verhoog se kollig op haar val nie. Laurika straal vanself.

"Kom ons gaan drink tee," nooi sy. Maar ons loop nie met die laning pers bosse na die koringblomblou voordeur toe nie. Ons koes en kronkel met 'n bospaadjie deur hul inheemse tuin wat 'n mens amper 'n landgoed kan noem.

Die tuin is Chris se stokperdjie, sê sy. Chris Torr, haar man en skrywer van 'n handvol van haar trefferliedjies, kom dikwels in ons gesels ter sprake.

"Ek was verstom oor Chris se vermoë om 'n emosie soos die liefde vas te vat met die woorde van *Stille waters* en boonop 'n storie daaragter te plaas," sê sy op die skermskut wat deel uitmaak van haar viering-CD, *19 Treffers van 21 jaar*. Hulle is juis nou saam besig om 'n temalied vir Jan Scholtz se nuwe televisiereeks, *Iemand om lief te hé*, op te neem - net mooi een en twintig jaar na haar *Kinders van die wind*-debuut ook in 'n televisiereeks *Phoenix en kie*.

Dis merkwaardig dat Chris, wat Engelssprekend is, soveel sukses met Afrikaanse liedjies behaal. "Hy doen dit op sy eie. Ek sien eers die liedjie wanneer hy daarmee klaar is." Dan kyk sy daarna soos na enige ander liedjie - of dit by haar stem en styl pas. Eers wanneer dit verwerk en uitgevoer word, kyk sy daarna as 'n liedjie wat haar man vir haar geskryf het. En soms, wanneer dit deur 'n koor of iemand anders gesing word, tref dit haar eers dat dit deur haar geliefde geskep is, en dan verwonder sy haar trots daaraan.

KINDERS

Ons staan 'n bietjie in die skimmelskadu's van die hoë bome by hul swembad. 'n Yslike tuin met baie hoekies en wegkruipplekke waarin kinders en feetjies ewe goed sal aard. Toe ek hulle laas gesien het, was Nina, hul dogter, 'n baba, en Simon 'n seuntjie. "Hy is al sewentien en ses voet vier. Nina is twaalf en sy is baie bedrywig. Hulle is wonderlike kinders." Bietjies-bietjies praat sy oor hulle, hul belangstellings, en wys

Links: Laurika Rauch straal in die sagte herfslig.

Laurika straal helder

later 'n foto van die twee. Maar al is sy suinig met persoonlike besonderhede, loop sy elke keer oor van moederliefde.

'n Ander groot vreugde in haar lewe is die mense om haar.

Dis daar onder die bome langs die salmkleur huis naby Pretoria waar hulle baie Sondae saam met hul vriende kuier. 'n Al fresco-ete met 'n skaapboud wat sy stadig met roosmaryn uit die tuin gaarmaak, is vir haar lekker om voor te sit.

Die mense wat sy in haar loopbaan of op haar lewenspad teëkom, sê sy later, is van die gawes in haar lewe wat sy die meeste waardeer. Sy ag haar buitengewoon gelukkig as sy dink aan die mense in haar lewe.

Soos wat ander mense bevoorreg is dat hul pad met hare kruis. Toewyding en deeglikheid en onselfsugtigheid is eienskappe waarmee medekunstenaars haar beskryf. "Laurika is die deeglikste kunstenaar saam met wie ek nog gewerk het," sê Nataniël na verskeie optredes saam met haar. "Sy laat niks aan toeval oor nie. Sy oefen totdat sy daarmee tevrede is. En sy is die onselfsugtigste *performer*. Wanneer sy saam met iemand sing, sal sy hom ondersteun en hom die *shine* laat vang terwyl sy die noot net so goed of beter kan sing. En by die *party* na 'n *show*, is sy die een met wie ek die graagste wil kuier. Sy is 'n rêrige mens."

"Ek kan nie net my kuns bedryf nie," sê sy - en 'n mens glo dit as jy verby die ou trekkertjie van *Stuur groete aan Mannetjies Roux*, onderdeur die rankplante, deur hul blou voordeur stap. 'n Groot riempiesbank wat hulle met hul troue by Chris se mense present gekry het, staan in haar voorhuis. Sy haal boeke uit en ons staan en blaai hulle op haar vleuelklavier in die sitkamer deur. In 'n huis wat deur Griekse blou en wit aardsheid geïnspireer is, voer sy haar elkedagse lewe met liefde en bewustheid van haar en haar mense se behoeftes. Sy keer die lig deur dakvensters aan om op haar kombuistafel, haar eetkamertafel en in haar gang te val. Sy maak planne met 'n pepermentgroen gastekamer sodat dit volgens Feng Shui-beginsels 'n kokonsitkamer vir haar huismense word, en sy wonder of 'n skildery op die regte plek hang.

"Kyk hier!" Die foto waarop sy opgewonde druk, was die inspirasie vir haar ligte mure en duifpers plafon. "En kyk hier - die lig op die see." Krytwit en inkblou.

HEILDRONK

Ek ontmoet haar ma wat vir twee weke uit Stellenbosch by haar kuier. Haar naam is Rina Rauch. Laurika die jongste van haar en Fritz se drie kinders, lyk na haar. Dieselfde gesigvorm, mond, neus en vel so glad soos glas.

"Laurika se stem," vra ek haar, "niemand sing soos sy nie, maar soos wie sing sy?"

"Sy het haar ouma se stem," antwoord haar ma. "Haar ouma was net dertien jaar oud toe sing sy Mendelssohn in die kerk."

Laurika was net vyf jaar oud toe sy in Hannes Uys se Kindersangkring gesing het. Op tien het sy die eerste keer op 'n plaat gesing. Vandag drink ons tee as 'n nugtere heildronk op haar platinum- en talle goue plate, nege CD's en nog meer toekennings - en haar boek.

Is dit die afsluiting of die begin van 'n tydvak? Die aantal jare is maar net 'n tydsbestek, sê sy. Sy heg nie 'n diep simboliese waarde daaraan nie. "Ek het die vermoë om dit wat verby is af te lê en vorentoe te kyk." Sy hou daarvan om nuwe dinge en wêrelde te ontdek en te ontgin. As die mondigwording iets moet wees, sou sy sê dis die begin van 'n nuwe ervaring. "Soos die uitgewery wat ek en Marlene Serfontein, my vennoot, nou begin het."

Laurika Rauch Boeke het hulle prakties en nugter aangepak as 'n vertakking in 'n ander mark. Sy is baie lief vir boeke en Marlene het ervaring in die uitgewersbedryf. Dit was vanselfsprekend dat hulle 'n boek met haar musiek eerste uitgee - soos 'n mosie van vertroue in hul onderneming.

Ons blaai deur *Laurika Rauch: Treffers vir klavier en kitaar*, die pragtige boek met lirieke en klavier- en kitaarverwerkings van haar treffers deur Peter McLea, haar musikale verwerker. Sy praat gesaghebbend oor die papier se gewig en gehalte, oor die rug wat nie met gom geplak is nie, maar met garing gebind is sodat dit die hantering op 'n klavier kan oorleef.

Sy hou daarvan om knap mense op te spoor, sê sy. Mense wat kenners op hul gebied is aan wie sy opdragte kan gee, maar sy sien die projek saam met almal op alle vlakke deur. Honderd persent op die hoogte van wat gebeur. Markverwante pryse, verspreiding, verbruikersvriendelikheid, bemarking en beskikbaarheid. "Dis nie 'n waterskeiding nie," sê sy. "Net vernuwing om aanklank te vind by die gees van die tyd."

'n Belangrike les wat hiermee verband hou, het sy by Taubie Kuschlick geleer. Taubie het haar altyd met jong kunstenaars omring. Sodoende het hulle nie net uit haar bron van kennis en ervaring geput nie, maar sy het in voeling met nuwe talent en ontwikkeling gebly.

Sonder dat sy dit so beplan het, is dit wat Laurika doen. Sy is nie 'n nukkerige primadonna wat haar nie met groentjies ophou nie. Dis, inteendeel, een van haar hartstogte om kunstenaars aan die gang te kry, om nuwe talent te koester en te stook - "mits hulle self toegewyd is."

BEHOEFTE

Van haar ruimte en ruimhartigheid as kunstenaar getuig die verskeidenheid mense wie se werk sy vertolk en saam met wie sy werk: sy sing Ingrid Jonker se *Toemaar die donker man*, Joan Armatrading se *Dry Land* en Koos Kombuis se *Lisa se klavier*. Saam met Vusi Mahlasela het sy die onvergeetlike vertoning *Samekoms/Kopano* gelewer en 'n Afrikaklank in haar musiek gebring met dieselfde oortuiging as wat sy Jacques Brel se Europese kabaret vertolk het.

Oor die ontluiking en benutting van ander en nuwe talent kan sy in vervoering raak. "Ek woon ander kunstenaars se konserte by uit behoefte." As sy boonop daarby betrokke kon wees as regisseur of raadgewer, is haar meelewing so eg dat dit voel asof sy self op die verhoog staan wanneer daardie kunstenaar sy vertoning lewer. Om 'n nuwe ster te sien opkom, bedreig haar nie - dit is vir haar wonderlik opwindend. "Ek was daar, ek weet hoe dit voel. Luister net hier."

Sy hou treffersparade. Jules de Corte, 'n blinde Nederlandse sanger, se lied wat hy

Na bladsy 89

Laurika straal helder

Van bladsy 18

ná die Tweede Wêreldoorlog geskryf het, sing Jannie du Toit:

"Ik zou wel eens willen weten
Waarom zijn de wolken zo snel
Misschien dat dit een les aan de mens is
Die hem leert hoe fictief een grens is
Of misschien is dat ook maar eenvoudig
een engelenspel
Daarom zijn de wolken zo snel"

"Dis só móói," sê sy.

Sting sing *Fields Of Gold*, Wouter van de Venter se *Voel vere*-CD speel sy daarna en sy wys vir my die omslag van die Chieftains se CD *The Long Black Veil*. Die musiek van dié Ierse volksliedjiesangers is eerlik en roerend. "Ek hou daarvan," sê sy terwyl sy staan en saambeweeg. Dis asof sy deur 'n ander energieveld aangedryf word terwyl die musiek haar sitkamer van hoek tot kant inneem - stroom oor haar vleuelklavier, deur die son wat deur die venster val, oor die roomwit meubels, die Oosterse tapyt, deur haar lyf.

En haar eie musiek? Waarom hou mense daarvan? Waarom is haar vertolking van soveel liedjies so meesterlik dat niemand haar dit kan nadoen of by haar kan afvat nie? "Omdat ek my liedjies reg kies. Ek reageer op my *gut*-gevoel," verklaar sy haar sukses gans te eenvoudig. Sy sê haar aanvoeling wanneer sy 'n liedjie hoor, is gewoonlik reg. Daarby ken sy haar stem en die gevolg is 'n onvergeetlike *Kinders van die wind, Hot Gates, Stuur groete aan Mannetjies Roux* ...

Haar stem se toonaard is alt, maar wat sou dit wees as sy dit met 'n musiekinstrument moes vergelyk, vra ek haar.

"'n Blaasinstrument van hout. 'n Windblaasinstrument. Nie 'n silwerfluit nie, maar hout ... "

En as sy die instrument om watter rede ook al nie meer kan gebruik nie? Sy hoef nie te sing om musiek te kan geniet nie, sê sy. "Dis hier in my. Musiek is in my niere." In haar kop, in haar liggaam ook, beduie haar hande vloeiend soos dié van 'n aktrise of 'n danser of 'n vioolspeler.

LIG

"Alles wat ek doen, is ritmies. Dis lig wat ek moet kan sien. As ek nie kan sien nie, sal ek nie weet hoedat die lig val nie."

'n Ervaring by die Drakensberge jare gelede het haar bewus gemaak van haar verwondering aan die spel van lig. "Ons het teen laatmiddag by Champagne Castle gestaan." 'n Natuurlike amfiteater het voor hulle in die berg gelê. 'n Natuurlike ligspel het daarin plaasgevind. "Dit het soos 'n Pierneefskildery gelyk. Die kranse was afgeëts deur die laatmiddaglig wat daarop geval het. Ek het my daaraan verwonder." God moet plesier daaraan hê om die lig te laat val soos Hy wil, het sy gedink. Soos 'n goddelike spel. *"Of misschien is dat ook maar eenvoudig een engelenspel ... "* Hier 'n sonstraal wat val, en dan weer 'n bietjie wolkies wat daarvoor inskuif en deurentyd verander die prentjie.

Dis soos jy maak met jóú lig, Laurika, dink ek in haar sitkamer. Dis nie net die kollig wat glans aan jou verleen nie. Jy breek die wit lig soos 'n uithalerprisma in 'n verruklike kleurewaaier oop en verlig jou wêreld daarmee. Hier 'n bietjie blou, daar 'n bietjie pers, sommer vir die lekker 'n bietjie indigo en dan weer rooi, oranje, groen. Sing, kinders grootmaak, dakvensters insit, boeke uitgee, lag.

Die gemiddelde mens het 'n aura van een kleur wat na bewering sy liggaam omgewe. Om Laurika skyn 'n aurora veelkleurig. Verruklik.

I Laurika se nuwe musiekboek, Laurika Rauch: Treffers vir klavier en kitaar, word op die boekeblad (bl. 118) bespreek. ❑